



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2

SEPTEMBER 2024

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,
'n formuleblad en 'n antwoordeboek van 9 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	BTW en Versoenings	35	30
2	Koste Rekeningkunde	45	35
3	Voorraadwaardasie	30	25
4	Begroting	40	30
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BTW, KREDITEURE- EN BANKVERSOENING**(35 punte; 28 minute)****1.1 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Ray's Clothing Store. Alle goedere is onderhewig aan 15% BTW. Die besigheid word deur Ray Robinson besit.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die bedrag betaalbaar aan/ontvangbaar van SAID vir BTW. (7)

INLIGTING:

		BTW EKSKLUSIEF	BTW	BTW INKLUSIEF
1.	Fakture uitgereik aan kliënte	R62 000	?	?
2.	Goedere deur Ray geneem vir persoonlike gebruik	R15 000	?	R17 250
3.	Oninbare skuld afgeskryf	?	?	R23 000
4.	Fakture ontvang van verskaffers	R500 000	R75 000	R575 000
5.	Kredietnotas ontvang van verskaffers	R60 000	?	?
6.	Kredietnotas uitgereik aan kliënte	?	?	R51 750

1.2 KREDITEURE-VERSOENING

'n Staat wat op 28 Februarie 2024 van 'n krediteur, Kotze Verskaffers, ontvang is, toon dat Boyce Handelaars hulle R12 890 skuld. Volgens Boyce Handelaars is die uitstaande bedrag slegs R9 410.

GEVRA:

Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om die verskille aan te dui wat ontdek is toe die rekening in die Krediteuregrootboek vergelyk is met die staat wat van Kotze Verskaffers ontvang is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus (+) of minus (-) teken om 'n toename of afname in die saldo aan te dui. Bereken die korrekte saldo/totaal aan die einde.

(11)

INLIGTING:

- A.** EFO vir R4 000 uitgereik deur Boyce Handelaars is nog nie aangeteken in die staat wat van Kotze Verskaffers ontvang is nie.
- B.** EFO ter vereffening van die Januarie-rekening is nie binne 7 dae deur Kotze Verskaffers ontvang nie; daarom moet die afslag van R850 wat deur Boyce Handelaars in die Krediteuregrootboek aangeteken is, gekanselleer word.
- C.** Terugsendings aangeteken as R810 in die Krediteuregrootboek van Boyce Handelaars is aangeteken as R1 120 in die staat ontvang van Kotze Verskaffers. Boyce Handelaars het die koste van goedere wat teruggestuur is, verkeerd bereken.
- D.** 'n Faktuur ontvang van Kotze Verskaffers is korrek as R7 700 deur Boyce Handelaars aangeteken. In die staat wat van Kotze Verskaffers ontvang is, is dit egter verkeerdelik as R770 aangeteken.
- E.** 'n Faktuur vir R2 935 ontvang van Kotze Verskaffers is verkeerdelik as 'n kredietnota deur Boyce Handelaars aangeteken.

1.3 **BANKVERSOENING****LAMIEZ HANDELAARS**

Die inligting het betrekking op April 2024. Die amptelike bankstaat, gebruik vir versoeningdoeleindes, word op die 25ste van elke maand per e-pos aan die besigheid gestuur.

GEVRA:

- 1.3.1 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo op 30 April 2024. (6)
- 1.3.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 April 2024 op. (9)
- 1.3.3 Verwys na **INLIGTING E**: Deposito van R45 000 op 20 April 2024. Verduidelik waarom die rekenmeester bekommerd moet wees oor hierdie deposito. Verskaf TWEE punte. (2)

INLIGTING:

- A.** Die Bankrekening in die Algemene Grootboek het 'n gunstige saldo van R25 600 op 1 April 2024 weerspieël.
- B.** Die voorlopige totale vir die KONTANTJOERNALE vir April is soos volg:

KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL	KONTANTBETALINGS- JOERNAAL
R232 800	R255 060

- D.** Deposito gedateer 29 April vir R25 320 het nie op die bankstaat verskyn nie.
- E.** 'n Kwitansie uitgereik aan 'n debiteur, gedateer 20 April vir R45 000 het nie op die bankstaat verskyn nie.
- F.** EFO ontvang van 'n debiteur is korrek as R10 600 op die bankstaat aangetoon, maar verkeerdelik as R7 000 in die joernaal aangeteken.
- G.** EFO 778 gedateer 30 April, het nie op die bankstaat verskyn nie, R32 400.
- H.** Die debietorder vir selfoondata, R3 680, is nie in die betrokke joernaal aangeteken nie. Dit is ook verkeerdelik op die April-bankstaat gedupliseer.
- I.** Huurinkomste op 30 April, R24 000, is in die joernaal aangeteken vanaf 'n bewys van betaling wat van die huurder ontvang is. Dit het nie op die staat verskyn nie.
- J.** Die bankstaat het afgesluit met 'n saldo van R? op 25 April 2024.

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE**(45 punte; 36 minute)**

Nelita Amin besit twee afsonderlike fabriek wat produkte vervaardig volgens bestellings ontvang. Die maatskappy het die volgende inligting verskaf vir die finansiële jaar wat op 30 Junie 2024 eindig.

2.1 DAKPLAATFABRIEK**GEVRA:**

- 2.1.1 Voltooi die Fabrieksbokostennota. (13)
- 2.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaareinde 30 Junie 2024 op. (13)
- 2.1.3 Nelita het 'n bestelling van 50 000 dakplate. As die verkoopprijs en koste gehandhaaf word, bereken die wins wat sy op hierdie bestelling kan verwag. (4)

2.2 STAALPLAATFABRIEK**GEVRA:**

- 2.2.1 Verskaf 'n berekening om die gelykbreekpunt van 2024 te bevestig. (3)
- 2.2.2 Verduidelik waarom Nelita bekommerd moet wees oor die volhoubaarheid van die maatskappy. Gee TWEE punte met syfers om jou antwoorde te staaf. (4)
- 2.2.3 Grondstof bestaan uit staal. In 2024 is die koste van staal R180 per vierkante meter (m^2) en 1,8 m^2 staal is nodig om een plaat te vervaardig.
- Gedurende die jaar is 47 340 m^2 staal na die fabriek versend. Nelita voel dat die staalgrondstof nie goed beheer was nie.
- Gee 'n berekening om haar mening te ondersteun. (4)
 - Identifiseer EEN moontlike oorsaak van hierdie probleem. (2)
- Verskaf 'n oplossing vir die probleem.
- 2.2.4 Die hoof masjieningenieur is 'n vaardige en talentvolle man, maar ook 'n goeie vriend van die mededingende maatskappy. Die verhoogde mededinging na top talent, jaag kostes op. Dit is 'n bekommernis vir Nelita.
- Gee EEN ander rede en 'n moontlike oplossing vir die stygende koste om haar kommer te ondersteun. (2)

INLIGTING:**A. DAKPLAATFABRIEK****Uittreksel van die Vooraansuiweringsbedrae op 30 Junie 2024:**

	R
Fabriekstoeshouer	484 000
Waardevermindering van die rolvormmasjien en snyer	399 250
Salarisse addisionele admin personeel	288 000
Huuruitgawe	660 000
Versekering toegedeel aan verkoopsafdeling	90 000
Diverse fabrieksuitgawes	266 750

B. Die volgende saldo's het in die voorraadrekening verskyn:

	30 Junie 2024	1 Julie 2023
Grondstofvoorraad	1 825 000	2 455 000
Indirekte materiaal voorraad	143 750	?

C. Werk-in-proses voorraadsaldo's:

Daar was geen werk-in-proses voorraad nie.

D. Direkte arbeidskoste:

- Twee en veertig werkers het in die produksie gewerk. Elkeen het 2 300 uur normale tyd gewerk teen R45 per uur.
- Gesamentlike oortyd het 'n bedrag van R107 450 weerspieël.
- Produksiewerkers het 'n 65% bonus van normale tydloon ontvang.

E. Aansuiwerings aan fabrieksbokoste vir dakplate:

- Grondstowwe:
 - ❖ Aankope van grondstowwe gedurende die jaar het R16 226 100 beloop. Teruggestuurde grondstowwe ter waarde van R32 250, is nie aangeteken nie.
 - ❖ Nelita was geregtig op handelskorting van R23 850 op grondstowwe wat nie toegestaan is nie.
- Die boekhouer het R475 200 aan fabriekswater en -elektrisiteit toegeken deur die verhouding 6 : 2 : 2 vir onderskeidelik fabriek, verkope en kantoor te gebruik. Die korrekte verdeling van hierdie uitgawe moet 10 : 1 : 1 wees.

- Huur moet volgens vloeroppervlakte toegedeel word:
Fabriek 1600 m² Kantoor: 350 m² Verkoopsafdeling: 250 m²
- 85% van versekering moet aan die fabriek toegeken word. Die balans is vir die verkoopsafdeling.
- 80% van die indirekte materiale is gebruik.

F. INLIGTING VIR BEIDE FABRIEKE

KOSTE		DAKPLATE 2024		STAALPLATE (Eenheidskoste)	
		Bedrag	Per eenheid	2024	2023
Veranderlike	Direkte materiaal	R16 800 000	R120	R338	R200
	Direkte arbeid	?	R52	R112	R100
	Verkoop en verspreiding	R1 400 000	R10		R90
	Totale veranderlike koste		R182	R450	R390
Vaste	Fabrieksbokoste			R114	R112
	Administrasie	R1 120 000	R8	R30	R27
	Totale vaste koste			144	139

VERKOOPSPRYSE			
Per eenheid	R245	R585	R540

EENHEDE			
Geproduseer en verkoop	140 000	24 000	22 500
Gelykbreekpunt	62 223	25 600	20 850

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE**(30 punte; 24 minute)**

- 3.1 Kies die voorraadwaardasiemetode uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Hierdie metode is gebaseer op die aanname dat voorraad wat laaste gekoop is, jou eindvoorraad is	A	Spesifieke identifikasie
3.1.2	Hierdie metode is die beste geskik vir produkte met 'n kleiner waarde wat in groot hoeveelhede aangekoop word	B	Deurlopende voorraadstelsel
3.1.3	Hierdie stelsel verseker dat koste van verkope by die verkoospunt bereken word	C	Eerste-in-eerste-uit
3.1.4	'n Unieke of individuele waarde word aan voorraaditems toegeken	D	Geweegde gemiddelde

(4)

3.2 TEKKIE HANDELAARS

Jy word voorsien van die inligting rakende Tekkie-handelaars. Die besigheid verkoop 'n wye verskeidenheid draf- en buiteluskoene.

Die onderneming gebruik tans die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit (EIEU) en geweege gemiddelde metode om voorraad te waardeer.

GEVRA:

- 3.2.1 Bereken die koste van voorraad voorhande op 31 Julie, volgens:

- Eerste-in-eerste-uit metode. (5)

- 3.2.2 Die eienaar oorweeg dit om na die geweege gemiddelde metode van waardasie te verander.

- Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die geweege gemiddelde metode te gebruik. (4)

- Die eienaar meen dat die verandering na die geweege gemiddelde metode sy belasting betaalbaar sal verminder. Hy nader jou vir raad. Gee TWEE punte van advies in hierdie verband. (2)

- 3.2.3 Bereken die bruto wins van die entiteit as 'n persentasie op verkope vir die tydperk 1 Julie tot 31 Julie 2024 indien die EIEU metode van waardasie gebruik is. (4)

INLIGTING:

		Hoeveelheid (eenhede)	Bedrag (R)
Beginvoorraad		100	200 000
Aankope vir die maand	9 Julie	80	176 000
	12 Julie	210	378 000
	19 Julie	300	525 000
	26 Julie	83	182 600
Totale aankope vir Julie		673	1 261 600

8 eenhede van die 26 Julie-aankope is teruggestuur

Verkope 4 Julie '24 tot 31 Julie '24	640	1 906 400
--------------------------------------	-----	-----------

3.3 PROBLEEMOPLOSSING

U word voorsien van inligting uit die boeke van Nelly's Kitchen Equipment vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Die besigheid verkoop ketels en urns.

Nelly het sekere besluite aan die begin van die finansiële jaar geneem. Die resultate word in die tabel hieronder verskaf.

GEVRA:

Waar van toepassing, verskaf relevante syfers vir AL die vrae hieronder.

3.3.1 Ketels:

- Watter besluit het Nelly oor die verkoopprijs geneem? (2)
- Hoe het hierdie besluit die besigheid geraak? Verskaf TWEE punte. (4)

3.3.2 Urns:

- Was dit 'n goeie idee vir Nelly om na 'n goedkoper verskaffer te verander? Gee TWEE redes. (5)

INLIGTING:

	KETELS		URNS	
	2024	2023	2024	2023
Bestellings van kliënte ontvang	300	470	785	740
Bruto eenhede verkoop	300	462	785	740
Terugsendinge deur klante	0	8	66	0
Verkoopprijs	R2 880	R2 100	R476	R770
Kosprijs	R1 600	R1 400	R340	R550
Winsopslag %	80%	50%	40%	40%
Bruto wins	R384 000	R323 400	R106 760	R162 800
Voorraadomsetkoers	6,0 keer	7,1 keer	5,0 keer	5,0 keer

VRAAG 4: BEGROTING**(40 punte; 32 minute)**

Jy word voorsien van die onvolledige Debiteure-invorderingskedule en Kontantbegroting van Zahara Winkels.

GEVRA:

- 4.1 Bereken die ontbrekende syfers in die Debiteure-invorderingskedule vir Maart 2024. (5)
- 4.2 Bereken die verwagte maandelikse persentasie goedere wat op krediet verkoop word. (5)
- 4.3 Die eienaar wil die beheer oor debiteure verbeter. Kredietterme is 30 dae.
- 4.3.1 Verduidelik hoekom die eienaar bekommerd is. Verskaf TWEE redes met stawende syfers. (4)
- 4.3.2 Stel EEN oplossing vir hierdie probleem voor. (2)
- 4.4 Bereken die volgende:
- 4.4.1 **(a)** en **(b)** soos in die begroting voorsien. Gebruik begrote syfers in jou berekening. (11)
- 4.4.2 Die persentasie verhoging in huur op 1 Maart 2024. (3)
- 4.4.3 Die bedrag van die rente op die belegging wat na verwagting in Maart 2024 ontvang sal word. (5)
- 4.5 **Verwys na Inligting H.**
- Identifiseer TWEE betalings in Februarie 2024 wat jy as swak bestuur beskou. Gee in ELKE geval 'n voorstel om die interne beheer van die geïdentifiseerde items te verbeter. (6)

INLIGTING:

- A. Die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie en Maart 2024

MAAND	KREDIETVERKOPE	FEBRUARIE	MAART
Desember 2023	74 000	16 280	
Januarie 2024	68 000	27 200	?
Februarie 2024	70 000	24 010	?
Maart 2024	64 000		?
KONTANT VAN DEBITEURE		67 490	?

- B. Daar word verwag dat debiteure as volg sal te betaal:

35% word betaal in die maand van verkope. Hulle ontvang 2% korting.
 40% word betaal in die maand wat volg op die verkoopsmaand.
 22% word twee maande na die verkoopsmaand betaal.
 3% is oninbare skuld.

- C. Alle goedere word teen 'n winsopslag van 25% op kosprys verkoop.
- D. Voorraad wat verkoop is word in die maand van verkope vervang ('n voorraadbasis word gehandhaaf).
- E. Alle voorraad word op krediet aangekoop. Krediteure word betaal in die maand wat volg op die maand van aankope om 'n 5% vroeë betalingskorting te ontvang.
- F. Die onderneming het vier verkoopsassistente op dieselfde salarisskaal in diens. Hulle sal 'n inflasionêre verhoging van 7,5% ontvang, effektief vanaf 1 Maart 2024. 'n Bykomende verkoopsassistent sal op 1 Maart 2024 in diens geneem word, maar sy sal nie die verhoging ontvang nie.
- G. 'n Vaste deposito verval op 31 Maart 2024. Dit sal saam met rente teen 8% p.j. vir die laaste kwartaal van sy tydperk ontvang word.

H. UITTREKSEL UIT BEGROTING VIR FEBRUARIE 2024 EN MAART 2024:

	FEBRUARIE		MAART
	BEGROTE	WERKLIK	BEGROTE
Ontvangstes			
Kontantverkope	17 500	18 640	16 000
Kontant van debiteure	67 490	43 870	?
Huurinkomste	11 200	11 200	12 544
Vaste deposito (insluitend rente)	-	-	16 830
Betalings			
Betalings aan krediteure (vir voorraad)	68 000	68 000	(a)
Salarisse: kantoorpersoneel	19 000	19 000	20 900
Salarisse: verkoopsassistente	20 800	20 800	(b)
Munisipale dienste	10 600	10 600	11 000
Onttrekkings	3 000	5 500	3 000
Skryfbehoeftes	1 200	2 600	1 200
Leningspaaielement	5 000	5 000	5 000
Onderhoud van kantoortoerusting	3 800	1 500	3 800
Advertensies	2 400	1 000	2 400

I. DEBITEURE SE OUDERDOMSONTLEDING OP 28 FEBRUARIE 2024

Totaal verskuldig	30 dae	60 dae	90 dae	90+ dae
R110 400	R53 000	R32 000	R17 800	R7 600
	48%	29%	16%	7%

**GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSER
FORMULEBLAD**

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates: Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeehouersekuiteit
(Handels- en ander debiteure + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeehouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandeele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeehouersekuiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeehouersekuiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandeele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandeele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentyd dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandeele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandeele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeele}}{\text{Verdienste per aandeele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totaal Vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandeele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde aantal aandeele in praktyk gebruik.	